

Die luiperd is die laaste oorblewende top roofdier in die Baviaanskloof Mega-Reservaat (BMR), en dit speel 'n sleutel rol in roofdier-prooi interaksies. Die luiperd is ook deel van die Groot 5, en is dus 'n waardevolle bron van inkomste vir die toerisme bedryf. Maar, luiperds kom gereeld in konflik met veeboere, wat veroorsaak dat hulle dood gemaak word.

Dit is waarom 'n projek wat ondersoek instel op die faktore wat 'n rol speel in luiperd-veeboer konflik in die BMR geloods is. Die informasie was ingesamel deur middel van onderhoude met verskeie vee boere in die BMR area.



Foto: Adrian Shrader

Status van luiperds

Op internasionale vlak is die luiperd geag as 'n "naas bedreigde spesie" wat in die noue toekoms uitgewis kan word. As gevolg hiervan word internasionale handel in enige luiperd produkte streng beheer.

Op nasionale vlak word die luiperd as 'n "beskermdde wilde dier" beskou, wat nie gejag of dood gemaak mag word sonder 'n permit van die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Omgewings Sake nie.


Die pad vorentoe: Holistiese roofdier bestuur

Om 'n genetiese volhoubare luiperd populasie in die BMR te onderhou, moet luiperds in beide die BMR en op aangrensende plase beskerm word. Dit bied 'n geleentheid, waar grondeienaars betrokke kan raak by die bestuur van roofdiere asook die identifikasie en toepassing van oplossings. Maar dit benodig samewerking tussen die grondeienaars, die Oos-Kaapse Parke Raad, die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Omgewings Sake, die Agrikulturele Raad van die Oos-Kaap, en ander organisasies. Hieronder, sal 'n effektiewe en holistiese roofdier bestuurskema, wat vee verliese sal verminder en roofdiere sal beskerm, nie ontwikkel kan word nie. Sulke skemas moet gebaseer word op aanpasbare bestuur van roofdiere wat die meeste vee vang, naamlik; rooi jakkalse en rooikatte. Een manier om dit te doen is om vee verliese wat toegeskryf word aan luiperds sò te bestuur dat luiperds op die plase teenwoordig bly. Dit sal 'n afname in die hoeveelheid vee wat deur rooi jakkalse en rooikatte gevang word veroorsaak.

'n Nieu samewerking tussen betrokke partye in terme van die akkurate rapportering van vee verliese is noodsaaklik om finansiële implikasies van roofdier-veeboer konflik beter te verstaan. Dit sal veroorsaak dat daar meer ondersteuning is vir die partye wat die kostes dra, asook ondersteuning vir die bewaring van luiperds en ander roofdiere.

Skakel:

Die Sekretaris
Die Sentrum vir Afrika Bewarings Ecologie (ACE)
Nelson Mandela Metropoliese Universiteit
Epos: ACE@nmmu.ac.za
URL: www.nmmu.ac.za/ace (sien projects in progress)
Tel: 041 504 2316

Gedruk op herwinde papier 

Die lewe saam met luiperds in die Baviaanskloof, Oos-Kaap




Foto: Quinton Martins, Cape Leopard Trust

Die resultate van 'n studie oor die interaksie tussen veeboere en luiperds in die Baviaanskloof Mega-Reservaat



Luiperd – Veeboer Interaksies in die BMR

Belangrike Resultate

Populasiegrootte:

Die spesifieke aantal luiperds in die BMR is nie bekend nie. Alhoewel, na beraming is daar 10 – 17 individue wat hier voorkom. Hierdie is nie 'n genetiese volhoubare populasie nie. Dit bevestig hoe belangrik die bewaring van luiperds in die BMR en op aangrensende plase is. Vir die effektiewe, langtermyn bewaring van luiperds in die BMR, sal 'n fisiese konneksie tussen die BMR se luiperd populasie en die van ander, nabye populasies ook benodig word.

Habitat seleksie en vee verliese:

Luiperds is geneig om meer vee in bergagtige areas wat aan die Baviaanskloof Natuur Reservaat grens, aan te val. Hierdie areas is gekenmerk deur steil hellings, rivier lope, diep klowe, en vallei bosveld plantegroei. Dit is waarskynlik as gevolg van die teenwoordigheid van 'n sentrale luiperd populasie in die BMR, wat se gebiede tot teenaan aangrensende plase strek, of as gevolg van individue wat oor plaasgrond beweeg om hul eie gebiede af te baken. Hierdie areas is ook meer afgeleë met minder menslike aktiwiteite. As gevolg, is vee in die areas meer vatbaar vir predasie as die wat nader is aan areas waar mense gereeld beweeg.

Invloed van luiperds op ander roofdiere:

Dit blyk dat die teenwoordigheid van luiperds 'n invloed het op die hoeveelheid vee wat deur ander roofdiere gevang word. Rooi jakkalse en rooikatte vang minder vee in areas waar luiperds teenwoordig is. Dit kan toegeskryf word aan kompetisie tussen rooikatte en luiperds vir kos of 'n vermydings patroon tussen luiperds en rooi jakkalse. Dit kan 'n aansienlike vermindering in die totale hoeveelheid veeverlies tot gevolg hê omdat luiperds vir slegs 5.9% van vee verliese verantwoordelik is, in vergelyking met 57.5% van die vee verliese wat toegeskryf word aan rooi jakkalse en rooikatte (sien Figuur 1). Dus, die teenwoordigheid van luiperds kan die hoeveelheid vee wat deur ander roofdiere gevang word verminder.





Foto: Geoff Spilby



Figuur 1: 'n Vergelyking van die vee verliese wat toegeskryf word aan die verskeie roofdiere in die BMR. Voëls sluit kraaië en roofvoëls in.

Roofdier en veebestuurstechnieke:

Deur terugvoering van grondeienaars te analiseer, is daar bevind dat roofdier en veebestuurstechnieke wat toegepas word om vee verliese te verminder, nie baie suksesvol is nie. Daar word dus aanbeveel om aanpasbare en holistiese bestuursmetodes te implimenter, om vee verliese te bekamp. Die rede hiervoor is dat daar geen enkele tegniek is wat vee verliese verminder nie. Die mees effektiewe tegnieke wat gebruik word is:

- Kraal vee in 'n luiperd weerende kraal
- Gebruik Anatoliese herdershonde om vee te beskerm
- Beskerm die natuurlike prooi van roofdiere, veral ribbok, bosbok, grysbok, en gewone duiker.